

## KAI !GARIB PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

### BEGROTINGSBELEID

#### 1. WOORDOMSKRYWINGS, AKRONIEME EN AFKORTINGS

- 1.1 Tensy uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings wat in hierdie beleid gebruik word die betekenis wat daaraan geheg is ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur 2003 (Wet No 56 van 2003), en beteken –
- (a) **“begrotingstafel”** die tydrooster waarna in artikel 21(1)(b) van die MFMA verwys word;
  - (b) **“beplanningsregulasies”** die *“Local Government: Municipal Planning and Performance Management Regulations”* 2001 (Goewermentskennisgewing No R. 796 van 24 Augustus 2001);
  - (c) **“Burgemeester”** die Burgemeester handelende in oorleg met die ander lede van die Uitvoerende Komitee;
  - (d) **“departementshoof”** ‘n werknemer van die Munisipaliteit, en enige persoon wie wettiglik in so ‘n werknemer se plek waarneem,–
    - (i) aan wie die bestuur van een of meer begrotingsposte toevertrou is; en
    - (ii) wie regstreeks aan die Munisipale Bestuurder verantwoordbaar is;
  - (e) **“finansiële meevaller”** enige bedrag geld wat ‘n ander staatsorgaan of donateur aan die Munisipaliteit toeken waarvoor nie in die begroting voorsiening gemaak is nie;
  - (f) **“Grondwet”** die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996;
  - (g) **“in oorleg”** met die instemming van die persoon met wie ‘n persoon moet konsulteer voordat sy/hy ‘n statutêre, gedelegeerde of subgedelegeerde funksie verrig, bevoegdheid uitoefen of verpligting nakom;
  - (h) **“mediumtermynuitgaweraamwerk”** ‘n begroting wat geskatte inkomste en uitgawe vir twee jare na die begrotingsjaar waarop die begroting van toepassing is, aandui;
  - (i) **“Munisipaliteit”**, wanneer daarna verwys word as –
    - (i) ‘n geografiese gebied, die munisipale gebied van Kai !Garib afgebaken ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening 1998 (Wet No 27 van 1998);
    - (ii) ‘n korporatiewe liggaam, die Munisipaliteit van Kai !Garib ingestel ingevolge artikel 12 van die Strukturewet; en
  - (j) **“Raad”** die munisipale raad van die Munisipaliteit;
  - (k) **“Regulasies”** die *“Municipal Budget and Reporting Regulations”* 2008 (Goewermentskennisgewing No 393 van 17 April 2009)(Staatskoerant No 32141);
  - (l) **“statutêre instrument”** enige wet, regulasie, riglyn van die Nasional Tesourie wat die Raad ingevolge artikel 168(3) van die MFMA aanvaar het, proklamasie en verordening;
  - (m) **“Stelselwet”** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels 2000 (Wet No 32 van 2000);
  - (n) **“Strukturewet”** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture 1998 (Wet No 117 van 1998);

- (o) **“topbestuur”** die Munisipale Bestuurder, hoof-finansiële beampte en departementshoofde;
- (p) **“Uitvoerende Komitee”** die komitee van die Munisipaliteit wat ingevolge artikel 43 van die Strukturewet ingestel is;

1.2 Die akronieme en afkortings wat in hierdie beleid gebruik word, beteken –

- (a) **“AFR”** die batefinansieringsreserwe;
- (b) **“BBK”** die begrotingsbestuurskomitee;
- (c) **“CFO”** die hoof-finansiële beampte wat ingevolge artikel 80(2)(a) van die MFMA aangewys is;
- (d) **“DoRA”** die jaarlikse Wet op die Verdeling van Inkomste waarna in artikel 214 van die Grondwet verwys word;
- (e) **“IDP”** die geïntegreerde ontwikkelingsplan;
- (f) **“MFMA”** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur 2003 (Wet No 56 van 2003);
- (g) **“MTEF”** mediumtermynuitgaweraamwerk;
- (h) **“SDBIP”** dienslewering- en begrotingsimplementeringsplan; en
- (i) **“UK”** die Uitvoerende Komitee;

## 2. INLEIDING

2.1 Die munisipale begroting is die enkele vernaamste beleidaankondiging wat die Raad jaarliks maak. Die begroting sit uiteen –

- (a) hoe die geld wat tot die Munisipaliteit se beskikking is, aangewend gaan word om die Raad se doelwitte wat in die IDP vervat is effektief en doeltreffend te bereik; en
- (b) uit welke bronne die geld wat benodig word om daardie besteding te finansier bekom gaan word.

2.2 Die jaarlikse begroting is derhalwe die instrument waarmee die Raad die lewensstandaard en lewensgehalte van plaaslike gemeenskappe in die Munisipaliteit stelselmatig verbeter.

2.3 Die begrotingsproses is ‘n uitgerekte, intense proses waartydens keuses tussen verskillende en mededingende behoeftes, prioriteite en programme gemaak moet word. Die behoeftes en verwagtinge van plaaslike gemeenskappe sal altyd die finansiële hulpbronne waaroor die Munisipaliteit beskik oorskry. Die Raad moet derhalwe die disharmonie tussen behoeftes en verwagtinge aan die een kant en dit wat moontlik is, aan die ander kant, bestuur. Die Raad aanvaar dat die maak en implementering van begrotings moeilike besluite verg wat dikwels nie almal tevrede sal stel nie.

## 3. DOEL

Die doel van hierdie beleid is om –

- (a) ‘n raamwerk daar te stel waarvolgens die Raad besluite oor die heffing, invordering, bewaring en besteding van geld kan maak en sodoende voorspelbaarheid, rasionaliteit en deursigtigheid in finansiële besluitneming te bevorder;

- (b) die beplanning van die Munisipaliteit se aktiwiteite gedurende 'n begrotingsjaar te vergemaklik;
- (c) monitering van munisipale aktiwiteite te vergemaklik en beheer daarvoor uit te oefen; en
- (d) die fokus van munisipale aktiwiteite op resultate eerder as insette te plaas.

#### **4. STATUTÊRE RAAMWERK**

##### **4.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996**

- 4.1.1 'n Munisipaliteit moet ingevolge artikel 152 van die Grondwet, binne sy administratiewe en finansiële vermoëns daarna streef om –
  - (a) plaaslike gemeenskappe op demokratiese en verantwoordbare wyse te regeer;
  - (b) te verseker dat dienste op volhoubare wyse aan plaaslike gemeenskappe gelewer word;
  - (c) maatskaplike (sosiale) en ekonomiese ontwikkeling te bevorder;
  - (d) 'n veilige en gesonde omgewing te bevorder; en
  - (e) gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies aan te moedig om in plaaslike regeringsaangeleenthede betrokke te wees.
- 4.1.2 Ten einde hierdie oogmerke te bereik, moet die Munisipaliteit sy begroting en begrotingsprosesse so struktureer dat dit –
  - (a) die basiese behoeftes van die gemeenskap prioritiseer; en
  - (b) maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die plaaslike gemeenskap bevorder.
- 4.1.3 'n Raad kan, ten einde die oogmerke en ontwikkelingspligte van plaaslike regering effektief en doeltreffend te bereik en te verrig, funksies en bevoegdhede aan die Munisipaliteit se politieke strukture, politieke ampsbekleërs en werknemers deleger. 'n Raad kan egter sekere finansiële funksies nie deleger nie, te wete –
  - (a) goedkeuring van 'n begroting;
  - (b) instelling van eiendoms- en ander belastinge, heffings en bobelastinge; en
  - (c) die aangaan van lenings.
- 4.1.4 Die Raad moet besluite oor die aangeleenthede wat in paragraaf 4.1.3 genoem is, met 'n volstreekte meerderheid<sup>1</sup> neem en kan sulke besluite slegs neem as hy 'n verslag en aanbevelings van die UK daarvoor ontvang het.
- 4.1.5 Artikel 215 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996 vereis dat munisipale begrotings en begrotingsprosesse deursigtigheid, rekenpligtigheid en effektiewe finansiële bestuur van die ekonomie en skuld in die openbare sektor moet bevorder. Nasionale wetgewing moet die formaat van munisipale

---

<sup>1</sup> D.i. 'n meerderheid van al die raadslede, ongeag enige vakatures wat mag bestaan.

begrotings voorskryf<sup>2</sup>. Begrotings moet die verskillende inkomstebronne uitwys en aandui hoe voorgestelde uitgawes aan nasionale wetgewing sal voldoen.

- 4.1.6 'n Munisipale begroting moet –
- (a) skattings van inkomste en uitgawe uit een sit;
  - (b) onderskei tussen kapitale en bedryfs-/lopende uitgawes;
  - (c) aandui hoe enige tekort wat mag ontstaan, aangesuiwer sal word; en
  - (d) aantoon of die Raad voornemens is om skuld gedurende 'n jaar aan te gaan.

## 4.2 Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur 2003

- 4.2.1 Volgens artikel 16(1) van die MFMA moet die Raad 'n begroting voor die aanvang van die finansiële jaar waarop dit betrekking het, aanvaar. Ten einde die Raad in staat te stel om dié teikendatum te haal, moet die Burgemeester –
- (a) minstens 10 maande voor die aanvang van 'n huidige finansiële jaar die begrotingstydtafel<sup>3</sup> in die Raad ter tafel lê ingevolge artikel 21(1)(b) van die MFMA<sup>4</sup>; en
  - (b) ingevolge artikel 16(2) van die MFMA, die begroting minstens 90 dae voor die einde van 'n huidige finansiële jaar in die Raad ter tafel lê.
- 4.2.2 Ingevolge artikel 17(2) van die MFMA is die twee hoofkomponente van die begroting 'n bedryfsbegroting<sup>5</sup> en 'n kapitaalbegroting<sup>6</sup>.
- 4.2.3 Die begroting is 'n skedule/tabel wat volgens die voorgeskrewe formaat<sup>7</sup> voorberei is en wat –
- (a) realistiese verwagte inkomste<sup>8</sup> vir die begrotingsjaar uit elke inkomstebron uiteensit;
  - (b) besteding vir die finansiële jaar onder die verskillende begrotingsposte bewillig;
  - (c) die aangeduide inkomste per inkomstebron en die geprojekteerde besteding per begrotingspos vir die twee finansiële jare wat volg op die

---

<sup>2</sup> Kyk die *"Municipal Budget and Reporting Regulations"*.

<sup>3</sup> Die begrotingstydtafel moet sleuteltydsgrense aandui vir die voorbereiding, tertafelleging en goedkeuring van die begroting, die hersiening van die IDP en die Munisipaliteit se begrotingsverwante beleiddokumente en oorlegplegingsprosesse wat deel vorm van enige van dié prosesse.

<sup>4</sup> Artikel 21(1)(a) van die MFMA vereis dat die Burgemeester moet toesien dat die prosesse om die begroting voor te berei en die IDP en begrotingsverwante beleide te hersien gekoördineerd geskied sodat hulle onderling verenigbaar en geloofwaardig is.

<sup>5</sup> 'n Bedryfsbegroting bestaan uit 'n skatting van die bedryfs-/lopende inkomste wat die Munisipaliteit tydens 'n spesifieke finansiële jaar sal toeval en die bedryfsuitgawes wat die Munisipaliteit gedurende daardie jaar sal aangaan. Bedryfsuitgawes is daardie uitgawes wat die Munisipaliteit aangaan om dienste of voordele wat onmiddellik verbruik word te voorsien.

<sup>6</sup> D.i. 'n skatting van die kapitaaluitgawes wat die Munisipaliteit tydens 'n spesifieke jaar sal aangaan en die finansieringsbronne waaruit daardie uitgawes befonds sal word. Die kapitaalbegroting het derhalwe te make met die aanskaffing en oprigting van vaste bates.

<sup>7</sup> Kyk regulasie 9, saamgelees met Bylae A, van die Regulasies.

<sup>8</sup> D.i. inkomste wat die Munisipaliteit verwag om in te vorder gebaseer op sy invorderingsprestasie in die verlede; nie inkomste wat die Munisipaliteit sal toeval nie.

- begrotingsjaar vermeld;
- (d) geraamde inkomste en besteding per begrotingspos vir die huidige jaar en werklike inkomste en besteding per begrotingspos vir die finansiële jaar wat die huidige jaar voorafgaan, vermeld; en
  - (e) enige ander inligting wat vereis of voorgeskryf mag word, bevat.
- 4.2.4 Wanneer die begroting in die Raad ter tafel gelê word, moet 'n aantal ondersteunende dokumente<sup>9;10</sup> dit vergesel.
- 4.2.5 Artikel 18 van die MFMA bepaal dat 'n jaarlikse begroting slegs befonds kan word uit –
- (a) realisties verwagte inkomste<sup>11;12</sup> wat ingevorder staan te word;
  - (b) kontant-gesteunde opgelope fondse van vorige jare se surplusse wat nie vir ander doeleindes geormerk is nie; en
  - (c) geleende fondse.
- 4.2.6 Skuld mag net ter (gedeeltelike) finansiering van kapitaaluitgawes aangegaan word.
- 4.2.7 Volgens artikel 68 van die MFMA moet die Munisipale Bestuurder die Burgemeester bystaan om haar/sy begrotingsfunksies te verrig. Die Burgemeester moet toesien dat die begroting die IDP, die nasionale en provinsiale begrotings, die nasionale regering se fiskale en monetêre beleide en die DoRA in ag neem. Sy/hy moet voorts sorg dra dat daar tydens die voorbereiding van die begroting met Siyanda, //Khara Hais, Mier, !Kheis, Tsantsabane en Kgatelopele munisipaliteite en die Provinsiale Tesourie gekonsulteer word.
- 4.2.8 Die Munisipale Bestuurder moet die begroting en ondersteunende dokumente openbaar maak sodra dit ter tafel gelê is en die plaaslike gemeenskap nooi om verhoër in verband daarmee voor te lê<sup>13</sup>. Sy/hy moet ook toesien dat die begroting, ondersteunende dokumente (ingesluit die konsep-SDBIP) wat ter tafel gelê is, aan die Nasionale en Provinsiale Tesourieë en aan munisipaliteite wat daardeur geraak word, voorgelê word<sup>14</sup>. Die Burgemeester moet ingevolge reg. 16 van die Regulasies, voor/op 31 Mei 'n verslag oor enige verhoër en kommentare wat aangaande die begroting ontvang is in die Raad ter tafel lê. Die Raad moet

---

<sup>9</sup> MFMA, 17(3); Regulasies, Bylae A

<sup>10</sup> Volgens reg. 14(2) van die Regulasies is die konsep-SDBIP een van die ondersteunende dokumente.

<sup>11</sup> Inkomsteprojektsies is, volgens artikel 18(2) van die MFMA, realisties as –

(a) die inkomste wat vir 'n huidige finansiële jaar geprojekteer word, op die inkomstevlakke wat tot op die datum wat die projektsie gemaak word, gebaseer is; en

(b) dit werklike inkomste wat in vorige jare ingevorder is in ag neem.

<sup>12</sup> Kyk ook: Regulasies, reg. 10 en 11.

<sup>13</sup> Volgens reg. 15(1) van die Regulasies kan die Raad ook voorskryf dat bykomende inligting wat, volgens die Raad, konsultasie oor die begroting sal vergemaklik, bekend gemaak moet word, soos inligting aangaande elke wyk en opsommings van die begroting en ondersteunende dokumente in die heersende tale in die Munisipaliteit.

<sup>14</sup> Kyk ook: Regulasies, reg. 15(3).

ingevolge artikel 23 van die MFMA enige verstoë/sienswyses ten opsigte van, en kommentaar aangaande, die tertafelgelegde begroting oorweeg, nadat die Burgemeester geleentheid gehad het om die verstoë te oorweeg en, as dit nodig is, wysigings aan die begroting aan te bring en aan die Raad voor te lê.

- 4.2.9 Die Raad moet (goedkeuring van) die begroting voor/op 31 Mei oorweeg en die begroting voor/op 30 Junie goedkeur. Wanneer die Raad die begroting goedkeur, moet hy ook resolusies<sup>15</sup> goedkeur wat –
- (a) munisipale/eiendomsbelasting vir die begrotingsjaar hef;
  - (b) tariewe vir die begrotingsjaar vasstel;
  - (c) vasstelbare prestasie-doelwitte vir inkomste uit elke bron en vir elke begrotingspos in die begroting goedkeur;
  - (d) wysigings, as daar is, van die IDP en die Munisipaliteit se begrotingsverwante beleiddokumente goedkeur.
- 4.2.10 Die Munisipale Bestuurder moet, ingevolge reg. 18(1) van die Regulasies, die begroting, die ondersteunende dokumente en die resolusies van die Raad waarna in par 4.2.9 verwys is, binne 10 werkdade nadat die Raad die begroting goedgekeur het, openbaar maak ooreenkomstig artikel 21A van die Munisipale Stelselwet. Sy/hy moet ook die goedgekeurde begroting aan die Nasionale en Provinsiale Tesourieë voorlê.
- 4.2.11 Volgens artikel 69 van die MFMA is die Munisipale Bestuurder verantwoordelik en rekenpligtig vir die implementering van die goedgekeurde begroting. Dit behels dat sy/hy onder meer –
- (a) moet toesien dat geld slegs ooreenkomstig die begroting bestee word;
  - (b) moet toesien dat uitgawes besnoei word as dit blyk dat inkomste na verwagting laer sal wees as wat verwag is toe die begroting goedgekeur is;
  - (c) moet toesien dat inkomste en besteding behoorlik gemoniteer word;
  - (d) waneer dit nodig is, 'n aansuiweringsbegroting moet voorberei en aan die Burgemeester vir tertafellegging in, en oorweging deur, die Raad voorlê;
  - (e) binne 14 dae nadat die begroting goedgekeur is, die konsep-SDBIP en konsepprestasie-ooreenkomste vir die topbestuur aan die Burgemeester voorlê.
- 4.2.12 Die Munisipale Bestuurder moet nie later nie as 25 Januarie elke jaar die Munisipaliteit se prestasie gedurende die tydperk vanaf 1 Julie tot 31 Desember evalueer en daarvoor aan die Burgemeester en Nasionale en Provinsiale Tesourieë verslag doen. Die halfjaarlikse begroting- en prestasie-evalueringsverslag moet, onder meer, aanbevelings bevat oor die vraag of 'n aansuiweringsbegroting nodig is al dan nie en, in soverre dit nodig mag wees, hersiene inkomste- en uitgaweprojektsies aanbeveel. 'n Aansuiweringsbegroting –
- (a) moet die inkomste- en bestedingsprojektsies in die begroting afwaarts

---

<sup>15</sup> Reg. 17(2) van die Regulasies vereis dat hierdie “... *separate resolutions dealing with each of the matters contemplated ...*” moet wees.

- aanpas indien daar gedurende die eerste ses maande van 'n huidige jaar 'n wesenlike onder-insameling van inkomste was;
- (b) kan bykomende inkomstes wat beskikbaar geword het bo en behalwe daardie inkomste wat in die jaarlikse begroting geantisipeer is, bewillig maar slegs ten einde bestedingsprogramme waarvoor alreeds begroot is, te hersien of te versnel, m.a.w. kan uitgawes waarvoor begroot is vermeerder;
  - (c) kan binne 'n voorgeskrewe raamwerk onvoorsiene en onvermydelike besteding wat deur die Burgemeester aanbeveel is, magtig;
  - (d) kan die aanwending van geprojekteerde besparings in een begrotingspos vir besteding onder 'n ander begrotingspos magtig (*virement*);
  - (e) kan besteding magtig van fondse wat onbestee was aan die einde van die vorige finansiële jaar waar die onderbesteding op die tydstip toe die jaarlikse begroting goedgekeur is, nie redelikerwys voorsien kon word sodat geprojekteerde oorrolle in die begroting ingesluit kon word nie;
  - (f) kan enige foute in die jaarlikse begroting regstel; en
  - (g) kan binne 'n voorgeskrewe raamwerk voorsiening maak vir enige ander besteding<sup>16</sup>.

4.2.13 Slegs een aansuiweringsbegroting wat beoog om enige van die funksies in paragraaf 4.2.12(b), (d) en/of (f) te verrig mag per jaar goedgekeur word en moet voor/op 28 Februarie in die Raad ter tafel gelê word<sup>17</sup>. 'n Aansuiweringsbegroting wat beoog om onvoorsiene en onvermydelike besteding wat deur die Burgemeester aanbeveel is goed te keur moet by die eerste geleentheid nadat dit goedgekeur is, maar in elk geval nie later nie as 60 dae nadat die Burgemeester die uitgawe goedgekeur het, aanvaar word. 'n Aansuiweringsbegroting wat beoog om oorgerolde fondse wat tydens die vorige finansiële jaar nie bestee is nie te bewillig moet voor/op 25 Augustus van die jaar waarin dit bewillig word, aanvaar word.

### **4.3 *Municipal Budget and Reporting Regulations 2008***

Artikel 215 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996 vereis dat nasionale wetgewing die formaat van munisipale begrotings moet voorskryf. Die MFMA bevat 'n raamwerk vir die formaat van 'n munisipale begroting en die Regulasies bevat detail voorskrifte oor die begroting, wat nie hier herhaal word nie.

### **4.4 *Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture 1998***

4.4.1 Die Munisipaliteit se ontwikkelingsplig ingevolge die Grondwet is, onder meer, om die basiese behoeftes van plaaslike gemeenskappe te prioritiseer. Ten einde hierdie plig te kan verrig moet die Raad ingevolge artikel 19 van die Strukturewet jaarliks –

---

<sup>16</sup> Volgens reg. 23(6) van die Regulasies, is die enigste ander besteding wat deur middel van 'n aansuiweringsbegroting bewillig kan word, ongemagtigde besteding.

<sup>17</sup> Regulasies, reg. 23(1).

- (a) die behoeftes van die gemeenskap;
- (b) sy prioriteite om daardie behoeftes te bevredig;
- (c) sy werkswyses om die gemeenskap te betrek;
- (d) sy organisatoriese en dienslewingsmeganismes om die behoeftes van die gemeenskap te bevredig; en
- (e) sy algehele prestasie ter bereiking van die oogmerke wat in artikel 152 van die Grondwet vervat is, hersien.

4.4.2 Voordat die Raad 'n besluit neem oor enige van die sake waarna in paragraaf 4.1.3 verwys is en die goedkeuring en wysiging van die IDP, moet hy die verslag en aanbeveling van die UK daarvoor ontvang. Volgens artikel 44(1) van die Munisipale Strukturewet is die UK die belangrikste komitee van die Raad. Die UK is verplig om –

- (a) die behoeftes van die Munisipaliteit te identifiseer;
- (b) daardie behoeftes in rangorde van voorkeur te hersien en evalueer; en
- (c) strategieë, programme en dienste by die Raad aan te beveel om die voorkeurbehoefte deur middel van die IDP en die begroting te verwezenlik, met inagneming van toepaslike nasionale en provinsiale ontwikkelingsplanne.

#### **4.5 Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels 2000**

4.5.1 Artikel 4(1) van die Munisipale Stelselwet gee aan die Raad reg om, onder meer, die sake van die munisipaliteit te finansier deur gelde vir dienste te hef en bobelasting op gelde, eiendomsbelasting en, in die mate wat nasionale wetgewing dit magtig, ander belasting, heffings en aksyns te hef en in te vorder. Die Raad is egter verplig om, binne die Munisipaliteit se administratiewe en finansiële kapasiteite, onder meer –

- (a) daarna te streef om te verseker dat munisipale dienste op 'n finansiële en omgewingsvolhoubare wyse aan die plaaslike gemeenskap verskaf word;
- (b) die plaaslike gemeenskap te raadpleeg oor die vlak, kwaliteit, bestek en inslag van munisipale dienste en die beskikbare opsies vir diensverskaffing;
- (c) lede van die plaaslike gemeenskap billike toegang te verleen tot die munisipale dienste waarop hulle geregtig is;
- (d) ontwikkeling in die Munisipaliteit te bevorder en te onderneem; en
- (e) 'n veilige en gesonde omgewing in die Munisipaliteit te bevorder.

4.5.2 Lede van plaaslike gemeenskappe het ingevolge artikel 5 van die Munisipale Stelselwet die reg om, onder meer –

- (a) ingelig te word oor besluite van die politieke strukture en politieke ampsbekleërs van die Munisipaliteit wat hulle regte, eiendom en redelike verwagtings raak; en
- (b) op gereelde openbaarmaking van die stand van sake van die Munisipaliteit, insluitende sy finansies.



- 4.5.3 Die Munisipaliteit moet toestande skep en aanmoedig vir die plaaslike gemeenskap om aan die sake van die munisipaliteit deel te neem, met inbegrip van –
- (a) die voorbereiding, implementering en hersiening van die IDP;
  - (b) die instelling, implementering en hersiening van 'n prestasie-bestuurstelsel;
  - (c) die monitering en hersiening van sy prestasie, insluitende die resultaat en inslag van sodanige prestasie; en
  - (d) die voorbereiding van sy begroting.
- 4.5.4 Die Munisipaliteit moet verder ingevolge artikel 16 van die Munisipale Stelselwet bydra tot die bou van die kapasiteit van plaaslike gemeenskappe om in die sake van die Munisipaliteit deel te neem. Nie die Raad of 'n komitee van die Raad mag *in camera* vergader tydens die oorweging van die begroting of die IDP of 'n wysiging daarvan nie.
- 4.5.5 Die openbaarmaking van die konsepbegroting en ondersteunende dokumente en die goedgekeurde begroting, gepaardgaande resolusies en ander inligting aangaande die begroting, moet ingevolge artikels 21 en 21A van die Munisipale Stelselwet geskied deur middel van –
- (a) 'n plaaslike koerant/e;
  - (b) 'n plaaslike koerant/e wat in die Munisipaliteit versprei word en wat deur die Raad as 'n verslagkoerant bepaal is; of
  - (c) radio-uitsendings wat die Munisipaliteit dek;
  - (d) tentoonstelling by die Munisipaliteit se hoof- en satellietkantore en openbare biblioteke in die Munisipaliteit ;en
  - (e) publikasie op die Munisipaliteit se webwerf.
- 4.5.6 Afskrifte van kennisgewings waarna in paragraaf 4.5.5 verwys word, moet op die Munisipaliteit se kennisgewingborde vertoon word. In die geval van die konsepbegroting en die ondersteunende dokumente daarby waarop belanghebbendes kommentaar kan lewer of verhoë kan rig, moet die uitnodiging meld dat 'n persoon wat nie kan skryf nie gedurende kantoorure na 'n plek kan kom waar 'n personeelid van die Munisipaliteit, wat in die uitnodiging gemeld word, daardie persoon sal help om haar/sy kommentaar of verhoë af te skryf.

#### **4.6 Local Government: Municipal Planning and Performance Management Regulations 2001**

Die Munisipaliteit se IDP moet, onder meer, 'n finansiële plan, wat 'n MTEF vir ten minste die volgende drie jaar moet insluit, bevat. Die finansiële plan moet, bykomend tot die MTEF volgens reg. 2(3) van die beplanningsregulasies, -

- (a) die finansiële bronne wat vir kapitaalprojekte en bedryfsuitgawes beskikbaar is, identifiseer; en
- (b) 'n finansiële strategie wat goeie finansiële bestuur definieer en wyses om inkomste te verhoog en toeganklikheid van eksterne finansiering te verbeter uit een sit.

## 5. BESTEK

Hierdie beleid dek die voorbereiding, oorweging en goedkeuring van die jaarlikse begroting van die Munisipaliteit en enige aansuiweringsbegroting.

## 6. BEGINSELS

Hierdie beleid is gebaseer op die volgende proseduriële en substantiewe beginsels:

### 6.1 Proseduriële beginsels

#### 6.1.1 Openlikheid en deursigtigheid

Die voorbereiding, oorweging en goedkeuring van die jaarlikse en enige aansuiweringsbegroting moet deursigtig wees.

#### 6.1.2 Deelname

Plaaslike gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies, met inbegrip van wykkomitees, het die reg om deel te neem in die voorbereiding van die begroting.

#### 6.1.3 Politieke leiding

Die Burgemeester moet –

- (a) algemene politieke leiding oor die begrotingsproses en die prioriteite wat rigting aan die opstel van 'n begroting moet gee, verskaf;
- (b) die jaarlikse hersiening van die IDP en die opstel van die jaarlikse begroting koördineer;
- (c) bepaal hoe die IDP vir doeleindes van die begroting in aanmerking geneem of hersien moet word; en
- (d) alle redelike stappe neem om te verseker dat die Munisipaliteit –
  - (i) sy jaarlikse begroting voor die aanvang van die begrotingsjaar goedkeur;
  - (ii) se SDBIP binne 28 dae na die begroting goedgekeur is, goedgekeur word; en
  - (iii) die jaarlikse prestasie-ooreenkomste vir die topbestuur voor/op 31 Julie aangegaan word.

### 6.2 Substantiewe beginsels

#### 6.2.1 Toevallingsbasis

Die begroting word op die toevallingsbasis voorberei.

#### 6.2.2 Legaliteit

- (a) Geen uitgawe mag in die begroting voorsien word nie tensy –
  - (i) die Munisipaliteit ingevolge die een of ander statutêre instrument verplig of veroorloof is om die uitgawe aan te gaan; of

- (ii) dit redelikerwys nodig is vir, of bykomstig is tot, die effektiewe verrigting van die Munisipaliteit se funksies en die uitoefening van sy bevoegdhede.
- (b) Die begroting moet in alle opsigte aan die ter sake statutêre voorskrifte voldoen.

#### 6.2.3 Ontwikkelingsgerigte begroting

- (a) Die begroting moet op die IDP gebaseer wees.
- (b) 'n Kapitale of institusionele projek mag nie in die begroting -
  - (i) befonds word nie, behalwe as dit in die IDP ingesluit is; en
  - (ii) ingesluit word nie tensy dit befonds kan word.
- (c) Voorkeur moet tydens die voorbereiding, oorweging en goedkeuring van die kapitaalbegroting aan projekte wat inkomste-genererend is, gegee word.

#### 6.2.4 Voorwaardelike bedryfstoewysings<sup>18</sup>

Die Raad moet die bewilliging van voorwaardelike bedryfstoewysings goedkeur alvorens –

- (a) enige besigheidsplan/begroting ten opsigte daarvan ingehandig; of
- (b) uitgawe daarteen aangegaan word.

#### 6.2.5 Finansiële volhoubaarheid

Die begroting moet op so 'n wyse voorberei en befonds word dat munisipale dienste finansiël volhoubaar is.

#### 6.2.6 Finansiële selfstandigheid

Die begroting moet op so 'n wyse voorberei en befonds word dat die Munisipaliteit toenemend finansiël selfstandig word en minder van toewysings afhanklik is.

#### 6.2.7 Finansiële meevallers

Die Raad moet die bewilliging van finansiële meevallers<sup>19</sup> goedkeur alvorens –

- (a) enige besigheidsplan/begroting ten opsigte daarvan ingehandig; of
- (b) uitgawe daarteen aangegaan word.

#### 6.2.8 Skenkings

- (a) Slegs die Raad mag 'n skenking aanvaar.
- (b) Die Raad moet by die oorweging van 'n skenking wat aan die Munisipaliteit aangebied is, oorweging skenk aan –
  - (i) die voorwaardes van die skenking, as daar is; en
  - (ii) die toekomstige inkomste wat die Munisipaliteit mag toeval en uitgawes wat dit sal moet aangaan as gevolg van die aanvaarding van die skenking.

---

<sup>18</sup> Op Engels: “conditional grants”, bv. die *Municipal Systems Improvement Grant* en die *Financial Management Grant*.

<sup>19</sup> Op Engels: “windfalls”, wat algemeen in plaaslike regering bekend staan as “fiscal dumping”.

#### 6.2.9 Norme en verhoudings

- (a) Die Burgemeester moet tydens die voorbereiding van die begroting daarna streef om die norme en verhoudings wat in hierdie beleid uiteengesit is te handhaaf.
- (b) Die Raad kan tydens die oorweging en goedkeuring van die begroting van die norme en verhoudings wat in hierdie beleid uiteengesit is, afwyk vir 'n goeie rede.

#### 6.2.10 Befondsing/gedeeltelike befondsing van programme en projekte uit eksterne bronne

- (a) Die Raad moet enige aansoek/besigheidsplan/voorstel wat daarop gemik is om 'n program of projek uit eksterne finansieringsbronne (uitgesluit toewysings en lenings), soos byvoorbeeld 'n skenking van die Ontwikkelingsfonds van die Ontwikkelingsbank van Suidelike Afrika, 'n buitelandse ontwikkelingsagentskap en die Nasionale Lotery, te befonds goedkeur alvorens dit ingehandig word.
- (b) Geen aansoek ingevolge sub-paragraaf (a) mag voorberei word tensy dit in die begroting of MTEF ingesluit is nie.

#### 6.2.11 Kapitale uitgawes

- (a) Kapitale uitgawes wat nie R 2,000 (BTW ingesluit) oorskry nie, kan uit bydraes uit bedryfsinkomste finansier word.
- (b) Behalwe as die Raad in 'n besondere geval anders besluit, moet kapitale uitgawes, uitgesonderd sulke uitgawes bedoel in sub-paragraaf (a), met 'n lening, donasie, skenking of kapitaaltoewysing finansier word.

## 7. **INSTITUSIONELE REËLINGS**

Die statutêre funksies, bevoegdhede en verpligtinge van die verskillende rolspelers word nie in hierdie deel van die beleid herhaal nie. Hierdie gedeelte van die beleid moet derhalwe saam met die betrokke statutêre instrumente gelees word.

### 7.1 **Funksies, bevoegdhede en verpligtinge van die Raad**

Die Raad –

- (a) bepaal die prioriteitsvolgorde waarvolgens die behoeftes van plaaslike gemeenskappe deur die begroting befonds moet word;
- (b) bepaal die norme en verhoudings wat toegepas word tydens die voorbereiding van die jaarlikse en enige aansuiweringsbegroting;
- (c) besluit of 'n aansuiweringsbegroting voorberei, oorweeg en goedgekeur moet word, nadat die Raad die halfjaarlikse begrotings- en prestasieverslag bedoel in artikel 72 van die MFMA en die Burgemeester se kommentaar en aanbevelings daarvoor oorweeg het;
- (d) bepaal die begrotingsposte en sub-begrotingsposte waaruit die begroting bestaan;
- (e) bepaal hoe die Munisipaliteit se billike deel van inkomste wat nasionaal gehef word, aangewend word;
- (f) moet enige aansoek aan 'n openbare of private instelling (soos die Ontwikkelingsbank van Suidelike Afrika) om (gedeeltelike) befondsing van een of meer projekte goedkeur voordat dit ingehandig mag word;

- (g) moet enige kapitale uitgawe wat na verwagting R ... (BTW ingesluit) sal oorskry ingevolge artikel 19 van die MFMA goedkeur vir insluiting in die begroting, ondanks die vereistes van reg. 13 van die Regulasies en die insluiting daarvan in die IDP;
- (h) ...

## 7.2 Funksies, bevoegdhede en verpligtinge van die Uitvoerende Komitee

Die Burgemeester –

- (a) berei die begrotingstydtafel voor en lê dit in die Raad ter tafel;
- (b) moet toesien dat die begroting ooreenkomstig die begrotingstydtafel en met inagneming van die toepaslike beleide, die ter sake statutêre voorskrifte en goeie praktyk voorberei, ter tafel gelê en goedgekeur word;
- (c) moet algemene politieke leiding gee tydens die voorbereiding van die begroting;
- (d) moet die proses om die IDP te hersien bestuur;
- (e) moet toesien dat die voorbereiding van die begroting en die hersiening van die IDP en begrotingsverwante beleiddokumente gekoördineerd en ooreenkomstig die begrotings-tydtafel geskied;
- (f) moet tydens die voorbereiding van die begroting met sodanige ander staatsorgane<sup>20</sup> as wat wetgewing vereis, oor die begroting konsulteer;
- (g) moet die beleide soos uiteengesit in voetnoot 1 van die Regulasies<sup>21</sup> voorberei en aan die Raad vir oorweging voorlê;
- (h) moet die Raad adviseer met betrekking tot enige afwykings van die norme en verhoudings wat in hierdie beleid voorgeskryf is;
- (i) moet die maksimum stygings in inkomste en uitgawes wat tydens 'n begrotingsjaar toegelaat sal word, bepaal en voorskryf;
- (j) ...

## 7.3 Begrotingsbestuurskomitee

7.3.1 Behoudens die bepalinge van paragraaf 7.3.2, bestaan die BBK uit –

- (a) die Burgemeester, wie die voorsitter is;
- (b) die Munisipale Bestuurder;
- (c) die departementshoofde;
- (d) die Hoof-finansiële Beampte, as sy/hy nie 'n departementshoof is nie; en
- (e) die bestuurder in die Finansies Departement wie verantwoordelik vir die voorbereiding van die begroting is.

---

<sup>20</sup> Ten minste Siyanda Distriksmunisipaliteit, die ander plaaslike munisipaliteite in Siyanda en die Provinsiale Tesourie.

<sup>21</sup> Te wete die (a) tariefbeleid; (b) eiendomsbelastingbeleid; (c) kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid; (d) kontantbestuur- en beleggingsbeleid; (e) leningsbeleid; (f) beleid oor fondse en reserwes; (g) voorsieningskanaalbestuursbeleid; (h) beleid oor die bestuur van, en beskikking oor, bates; (i) beleid oor investering in infrastruktuur en kapitale projekte; (j) hulpbehoewendesbeleid; (k) gratis basiese dienstebeleid; (l) beleid oor die implementering en monitoring van die begroting; (m) beleid oor die voorsiening van water en elektrisiteit; (n) personeelbeleid; en (o) enige ander finansiële beleid.

- 7.3.2 Die Burgemeester kan enige persoon wie die BBK kan help met die uitvoering van sy funksies nooit om 'n vergadering/s van die komitee by te woon en daaraan deel te neem.
- 7.3.3 Die BBK verskaf tegniese advies aan die Burgemeester tydens –
- (a) die prioritisering van die behoeftes van plaaslike gemeenskappe;
  - (b) die voorbereiding van die begroting en enige aansuiweringsbegroting;
  - (c) die voorbereiding van die SDBIP en die jaarlikse prestasie-ooreenkomste van die topbestuur;
  - (d) die hersiening van die IDP;
  - (e) die hersiening van die begrotingsverwante beleiddokumente;
  - (f) die oorweging van enige kommentare en verhoë wat in verband met die begroting ontvang is en die wysigings, as daar is, wat as gevolg daarvan aan die begroting aangebly behoort te word; en
  - (g) die voorbereiding en hersiening van enige ander finansiële bestuursbeleid.
- 7.3.4 Die Raad moet deur middel van verordening reëls en orders vir die verrigtinge van die BBK voorskryf.

#### **7.4 Funksies, bevoegdhede en verpligtinge van die Speaker**

Die Speaker moet –

- (a) na oorleg met die Burgemeester, verseker dat raadsvergaderings wat ooreenkomstig die begrotingstydtafel en wetgewing gehou moet word, belê word en plaas vind;
- (b) toesien dat raadslede –
  - (i) werksessies en vergaderings oor die begroting en die hersiening van die IDP en begrotingsverwante beleiddokumente bywoon; en
  - (ii) werksessies en ander byeenkomste met hulle onderskeie kiesafdelings<sup>22</sup> hou oor die begroting en die hersiening van die IDP en begrotingsverwante beleiddokumente;
- (c) toesien dat wyksraadslede met hul wykkomitees konsulteer tydens die voorbereiding van die begroting en enige aanbevelings van sodanige komitees aan die Burgemeester voorsien; en
- (d) na oorleg met die Burgemeester en die Munisipale Bestuurder, toesien dat konsultasie oor die begroting met plaaslike gemeenskappe ooreenkomstig die begrotingstydtafel geskied.

#### **7.5 Funksies, bevoegdhede en verpligtinge van die Munisipale Bestuurder**

Die Munisipale Bestuurder moet –

- (a) die Burgemeester bystaan by die verrigting van die begrotingsfunksies wat haar/hom opgedra is;
- (b) die administratiewe ondersteuning, hulpbronne en inligting wat die Burgemeester

---

<sup>22</sup> Op Engels: “constituencies”, bv. openbare vergaderings in wyke, vergaderings met politieke partye se takuitvoerende komitees.

- benodig om haar/sy begrotingsfunksies te verrig aan haar/hom voorsien;
- (c) toesien dat die begroting aan alle ter sake statutêre voorskrifte, goeie praktyk, beleide en die jaarlikse begrotingsomsendbrief van die Nasionale Tesourie voldoen;
  - (d) ooreenkomstig die begrotingstydtafel, die inhoud en implementering van die begrotingsverwante beleiddokumente evalueer en daaroor aan die UK verslag doen;
  - (e) toesien dat all dokumentasie rakende die begroting tydig aan raadslede en ander belanghebbendes voorsien word voor vergaderings en derglike byeenkomste aangaande die begroting;
  - (f) toesien dat die departementshoofde jaarlikse besigheidsplanne ten opsigte van hulle departemente voorberei en voorlê ooreenkomstig die begrotingstydtafel;
  - (g) die formaat van departementele besigheidsplanne voorskryf;
  - (h) ...

## 7.6 Hoof-finansiële Beampte

Die CFO moet –

- (a) die Munisipale Bestuurder bystaan by die verrigting van die begrotingsfunksies wat haar/hom opgedra en/of gedelegeer is;
- (b) die administratiewe ondersteuning, hulpbronne en inligting wat die Munisipale Bestuurder benodig om haar/sy begrotingsfunksies te verrig aan haar/hom voorsien;
- (c) sodanige begrotings-, ontledings-, hersienings- en ander pligte met betrekking tot die begroting as wat die Munisipale Bestuurder ingevolge artikel 79 van die MFMA aan haar/hom mag deleger, uitvoer;
- (d) departementshoofde adviseer met betrekking tot die voorbereiding van departementele besigheidsplanne en die voorbereiding en uitvoering van departementele begrotings;
- (e) so spoedig as wat prakties moontlik is, na oorleg met die Munisipale Bestuurder, geprojekteerde inkomste vir die volgende begrotingsjaar bepaal en aan die departementshoofde voorsien;
- (f) tydens die voorbereiding van die –
  - (i) MTEF advies aan die UK gee; en
  - (ii) SDBIP leiding aan die departementshoofde gee;
- (g) die begrotingsdokumentasie<sup>23</sup> voorberei;
- (h) enige en alle kennisgewings en publikasies ten opsigte van die begroting en enige aansuiweringsbegroting wat ingevolge enige statutêre instrument vereis word, voorberei en publiseer of openbaar maak;
- (i) ...

## 7.7 Departementshoofde

‘n Departementshoof moet –

- (a) sodra die die Burgemeester die begrotingstydtafel in die Raad ter tafel gelê het en die CFO die geprojekteerde inkomste vir die begrotingsjaar vasgestel het, ‘n besigheidsplan vir haar/sy departement vir die volgende begrotingsjaar voorberei en aan die Munisipale Bestuurder voorlê;
- (b) haar/sy departement se begrotingsvoorstelle ooreenkomstig die begrotingstydtafel en

---

<sup>23</sup> Kyk item 1 van Bylae A by die Regulasies.

- enige instruksies van die Munisipale Bestuurder en die CFO daarvoor voorberei;
- (c) die SDBIP ten opsigte van begrotingsposte waarvoor sy/hy verantwoordelik is ooreenkomstig die begrotingstydtafel en enige instruksies van die Munisipale Bestuurder en die CFO daarvoor voorberei;
  - (d) vergaderings van die BBK bywoon;
  - (e) ...

## 8. NORME EN VERHOUDINGE

Die volgende norme en verhoudings moet tydens die voorbereiding, oorweging en goedkeuring van die begroting en enige aansuiweringsbegroting nagestreef/gehandhaaf word, te wete –

### 8.1 Bedryfsinkomste

Inkomstebron	% van bedryfsinkomste
Eiendomsbelasting	25
Handels en ekonomiese dienste	60
Munisipaliteit se billike deel van nasionale inkomste	10
Ander dienste, agentkapsgelde en boetes	5
<b>TOTAAL</b>	<b>100</b>

### 8.2 Bedryfsuitgawes

Uitgawekategorie	% van bedryfsuitgawes
Personeelkoste (uitgesonderd raadslede)	35
Herstel en onderhoud van bates	12
Waardevermindering en finansieringskoste	20
Algemene onkoste	33
<b>TOTAAL</b>	<b>100</b>

## 9. JAARLIKSE BESIGHEIDSBEPANNING

- 9.1 Elke departementshoof moet, sodra die Burgemeester die begrotingstydtafel in die Raad ter tafel gelê en die CFO die geprojekteerde inkomste vir die begroting waarop die begrotingstydtafel betrekking het, bekend gemaak het, 'n besigheidsplan vir haar/sy departement vir daardie begrotingsjaar voorberei.
- 9.2 'n Departementele besigheidsplan moet in die formaat wees wat die Munisipale Bestuurder voorskryf, met dien verstande dat 'n departementele besigheidsplan die volgende inligting moet bevat, te wete –
- (a) 'n omvattende analise van die betrokke departement se kliënte, per diens, met spesifieke vermelding van hulle ekonomiese/finansiële omstandighede;
  - (b) 'n breedvoerige uiteensetting van die gehalte, vlak en toeganklikheid van dienste wat die departement voorsien, per kliëntegroep en spesifieke gebied in die Munisipaliteit;
  - (c) strategieë om die gehalte, vlak en toeganklikheid van dienste te verbeter;
  - (d) 'n uitvoerige analise van die sterk- en swakpunte van die betrokke departement; en



- (e) 'n volledige opgaaf van strategieë wat gedurende die begrotingsjaar geïmplementeer gaan word om te verseker dat die geïdentifiseerde sterkpunte gehandhaaf en die swakpunte uit die weg geruim gaan word.

## **10. BEGROTING VIR 'N SURPLUS**

Elke begroting en aansuiweringsbegroting moet 'n realistiese surplus, selfs al is die nominaal, van inkomste oor uitgawes reflekteer.

## **11. BEWILLIGING VAN OPGELOOPTE SURPLUSSE**

Geen onbewilligde opgelope surplus van vorige finansiële jare, of dit kontant-gesteun is al dan nie, mag aangewend word om 'n jaarlikse of aansuiweringsbegroting (gedeeltelik) te finansier nie. Sodanige surplus moet, insoverre dit nie benodig word vir bedryfsdoeleindes nie, bewillig word tot die AFR.

## **12. BEDRYFSTEKORTE**

- 12.1 'n Dreigende bedryfstekort gedurende 'n finansiële jaar moet deur middel van 'n aansuiweringsbegroting gedurende daardie jaar goed gemaak word.
- 12.2 Enige bedryfstekort wat, ten spyte van die voorsorgmaatreëls wat die Munisipaliteit getref het, aan die einde van 'n finansiële jaar realiseer, moet onverwyld in die begroting van die volgende jaar of 'n aansuiweringsbegroting goedgemaak word en mag nie uit opgelope surplusse van vorige jare goedgemaak word nie.

## **13. VOORSIENINGS EN RESERWES**

- 13.1 Die Munisipaliteit moet, behoudens die bepalings van die ter sake kollektiewe ooreenkoms, 'n verlofreserwe instel en instand hou. Die verlofreserwe –
  - (a) moet gelykstaande aan 100% van die waarde van die opgehoopde verlof van alle werknemers op 30 Junie van die finansiële jaar wat die begrotingsjaar voorafgaan wees; en
  - (b) is 'n kontant-gesteunde reserwe.
- 13.2 Die Munisipaliteit moet 'n voorsiening vir slegte skuld ooreenkomstig sy kredietbeheer- en skuldinvorderings-, tarief- en eiendomsbelastingbeleide instel en in stand hou. Die slegte skuld voorsiening moet gelykstaande wees aan die verskil tussen die maandelikse heffing van debiteure en ontvangstes gemeet oor 'n tydperk van minstens ses maande.
- 13.3 Die Munisipaliteit moet 'n voorsiening vir die veroudering en agteruitgang van voorraad ingevolge die batebestuursbeleid instel en in stand hou. Die Munisipaliteit moet in elke begroting en aansuiweringebegroting bedrae bewillig tot die voorsiening.
- 13.4 Die Munisipaliteit moet 'n AFR instel en in stand hou vir die skepping/verkryging van bates. Die AFR word uit die volgende bronne gefinansier, te wete –
  - (a) opgelope kontant-gesteunde surplusse insoverre sodanige surplusse nie vir

- bedryfsdoeleindes benodig word nie;
- (b) rente op beleggings van kontant in die AFR ooreenkomstig die beleggingsbeleid;
- (c) bedrae bewillig in die jaarlikse en enige aansuiweringsbegroting; en
- (d) netto winste op die verkloop van bates.

#### **14. KONTANT-GESTEUNDE UITGAWES**

Geen besteding mag teen enige fonds of reserwe aangegaan word nie tensy voorsiening daarvoor in die begroting of 'n aansuiweringsbegroting gemaak is nie.

#### **15. TOEWYSING VAN FINANSIERINGSKOSTE**

Finansieringskoste wat deur die Munisipaliteit betaalbaar is, moet tussen begrotingsposte toegewys word eweredig aan die boekwaarde, op die jongste balansstaatdatum, van die bates wat aan die betrokke pos behoort, tot die totale boekwaarde van al die Munisipaliteit se vaste bates.

#### **16. MUNISIPALE LANGTERMYNSKULD**

Eksterne lenings mag slegs ter (gedeeltelike) finansiering van die skepping/verkryging van vaste bates aangegaan word. Voorkeur moet aan konsessionêre lenings gegee word.

#### **17. BEWILLIGINGS VIR HERSTEL EN ONDERHOUD VAN BATES**

Voldoende geld moet in elke begroting en aansuiweringsbegroting vir die herstel en onderhoud van vaste bates bewillig word.

#### **18. TOEGELATE STYGINGS IN DIE BEGROTING**

18.1 Die Burgemeester moet, saam met die tertaafellegging van die begrotingstydtafel, 'n skedule van die maksimum toegelate stygings in inkomste en uitgawe wat gedurende die begrotingsjaar toegelaat sal word, bekend maak.

18.2 Die Munisipale Bestuurder moet toesien dat departementshoofde hulle departementele besigheidsplanne en -begrotings volgens die begrotingstydtafel voorberei.

#### **19. KAPITAALBEGROTING**

19.1 Behalwe insoverre as wat 'n kapitale projek 'n spesifieke kontraktuele verpligting op die Munisipaliteit lê, word die kapitaalebegroting op 'n nulpuntbasis voorberei.

19.2 Die Burgemeester moet die konsepkapitaalebegroting goedkeur vir insluiting in die begroting nie later nie as 28 Februarie van elke jaar.

19.3 Die Burgemeester moet enige kapitale uitgawe wat na verwagting R ... (BTW ingesluit) sal oorskry ingevolge artikel 19 van die MFMA goedkeur vir insluiting in die

kapitaalbegroting, ondanks die vereistes van reg. 13 van die Regulasies en die insluiting daarvan in die IDP.

- 19.4 Geen kapitale projek waarvoor geld in 'n huidige jaar bewillig is, mag in 'n volgende jaar voortgesit word nie tensy voldoende geld daarvoor in die begroting van die volgende jaar bewillig is. Wanneer voortsetting van 'n kapitale projek voorgelê word vir insluiting in die begroting vir 'n volgende jaar, moet die betrokke departementshoof –
- (a) dit uitdruklik aldus identifiseer;
  - (b) die persentasie voltooiing van die projek aandui; en
  - (c) volledig verduidelik hoekom die projek nie in die huidige jaar 'n aanvang geneem het of voltooi sal word nie.
- 19.5 Elke departementshoof moet sy departement se kapitaalbegroting in die formaat wat die CFO voorskryf, voorberei en nie later nie as die datum wat in die begrotingstydtafel bepaal is aan die CFO voorlê. 'n Departementele kapitaalbegroting moet voorgelê word tesame met –
- (a) 'n verduideliking hoe elke projek daarin aan die IDP, die betrokke departement se departementele besigheidsplan en die MTEF voldoen;
  - (b) in toepaslike gevalle, die inligting wat ingevolge paragraaf 18.4 vereis word; en
  - (c) enige verdere inligting wat die Munisipale Bestuurder mag voorskryf.
- 19.6 Die CFO moet –
- (a) die verskillende departementele kapitaalbegrotings konsolideer;
  - (b) die effek van die voorstelle op bedryfsuitgawes en -inkomstes vir minstens die volgende vyf jaar bepaal;
  - (c) die persentasie styging in kapitaaluitgawes teenoor die huidige jaar bepaal; en
  - (d) die kapitaalbegroting en haar/sy verslag en aanbevelings daarvoor aan die Munisipale Bestuurder ter oorweging van die BBK voorlê.

## **20. BEDRYFSBEGROTING**

- 20.1 Die blote feit dat 'n spesifieke begrotingspos, sub-pos of lynitem in die bedryfsbegroting bestaan, beteken nie dat sodanige pos, sub-pos of item sondermeer in 'n volgende begroting ingesluit moet word nie.

### **20.2 Personeelbegroting**

- (a) Sodra die Burgemeester die kapitaalbegroting vir insluiting in die begroting goedgekeur het, moet die CFO die personeelbegroting voorberei. Geld mag nie in die personeelbegroting bewillig word nie –
  - (i) vir 'n nuwe pos op die diensstaat tensy aan die ter sake voorskrifte van die personeelbeleid oor die skepping van poste voldoen is; en
  - (ii) vir die vulling van 'n pos wat langer as drie maande vakant is tensy die Munisipale Bestuurder uitdruklik goedkeuring verleen het dat geld vir die betrokke pos bewillig moet word.
- (b) Die CFO moet –

- (i) die effek van enige stygings in die Munisipaliteit se salarisrekening op bedryfsinkomstes en –uitgawes bepaal; en
- (ii) die personeelbegroting en haar/sy verslag daaroor aan die Munisipale Bestuurder ter oorweging van die BBK voorlê.

### **20.3 Bedryfsuitgawes, uitgesonderd personeel**

- (a) Elke departmentshoof moet sy departement se bedryfsuitgawebegroting vir algemene onkoste
  - (i) in die voorgeskrewe formaat voorberei; en
  - (ii) aan die CFO voorlê voor of op die datum in die begrotingstydtafel, maar in elk geval nie later nie as die laaste werksdag van Februarie.
- (b) Die CFO moet –
  - (i) die onderskeie departemente se bedryfsuitgawebegrotings en die personeelbegroting konsolideer;
  - (ii) die impak van die voorgestelde uitgawes op tariewe gedurende die volgende jaar bepaal; en
  - (iii) die gekonsolideerde bedryfsbegroting tesame met die voorgeskrewe ondersteunende dokumente en sertifikate, aan die BBK voorlê voor of op die datum voorgeskryf in die begrotingstydtafel.
- (c) Die BBK moet die konsepbedryfsbegroting en die CFO se verslag daaroor oorweeg en dit, tesame met sy verslag en aanbevelings daaroor, met of sonder wysigings, aan die Burgemeester voorlê.

### **20.4 Konsolidasie van kapitaal- en bedryfsbegrotings**

- (a) Die CFO moet, sodra die Burgemeester die bedryfsbegroting goedgekeur het vir insluiting in die begroting –
  - (i) die bedryfs- en kapitaalbegrotings konsolideer; en
  - (ii) dit, tesame met die voorgeskrewe ondersteunende dokumente en sertifikate, aan die BBK voorlê voor of op die datum voorgeskryf in die begrotingstydtafel.
- (b) Die BBK moet die konsepbegroting en die ondersteunende dokumente daaroor oorweeg en dit, tesame met sy verslag en aanbevelings daaroor, met of sonder wysigings, aan die Burgemeester voorlê.

## **21. TERTAFELLEGGING VAN BEGROTING EN KONSULTASIE**

- (a) Die Burgemeester moet die konsepbegroting en ondersteunende dokumente en sertifikate en die BBK se verslag en aanbevelings daaroor oorweeg en die begroting, met of sonder wysigings, in die Raad ter tafel lê nie later nie as die datum wat ingevolge die begrotingstydtafel voorgeskryf is nie.

- (b) Die Munisipale Bestuurder moet onverwyld na afloop van die Raadsvergadering waartydens die Burgemeester die begroting ter tafel gelê het, die begroting –
  - (i) adverteer soos voorgeskryf;
  - (ii) ter insae van belanghebbendes beskikbaar stel;
  - (iii) na oorleg met die Speaker een of meer openbare vergaderings reël waartydens die Munisipaliteit plaaslike gemeenskappe oor die begroting en enige voorgestelde wysigings van die IDP en die begrotingsverwante beleide sal konsulteer; en
  - (iv) aan die Nasionale en Provinsiale Tesourieë voorlê.